**<u>Oggenddiens</u>**: 14 Junie 2026

**<u>Leraar:</u>** Wouter van der Merwe & Alide Steyn

**<u>Tema</u>**: Moederskap as roeping

**<u>Skrif</u>: Psalm 78:3-7**

Dink aan jou ma

- Watter gedagtes kom by jou op?
- Altyd sterk emosies want dis ons diepste konneksie met enige mens op aarde.

LWC visie – Gesonde gesinne = gesonde moeders

‘n Gesprek oor moederskap is belangrik vir die hele gemeente, want ons moet God se ontwerp verstaan, “laat U wil geskied in die hemel en op aarde”, sodat ons die wonde kan genees, aanvalle van die vyand kan teëstaan en dissipels kan maak.

God se ontwerp is dat vroue Sy beeld en aard reflekteer (Gen. 1:27)

Heilige Gees openbaar onder andere karaktereienskappe soos ‘n moeder – Vertroosting, koestering, onvoorwaardelike liefde, dissipline en bemoediging. MAAR Heilige Gees is nie ‘n vrou nie.

Elke vrou is geroep om op een of ander manier generasies te help oprig in die weë van die Here, ongeag van jou ouderdom of fase waarin jy is. As ‘n ma, tannie, ouma of geestelike moeder.

“Every woman’s heart has the capacity to mother, weaving love into the fabric of community.”

Al is jy nie fisies ‘n moeder nie, is medelye, versorging en oneindige liefde steeds in hul ontwerp en aard.

Psalm 78:3-7 – Moeders is geroep om te:

- Vertel van die roemryke dade van die Here / gee hoop (v.4)
- Leer kinders van reg en verkeerd / dissiplineer / gehoorsaamheid (v.5), en
- Lei hulle tot geloof / maak dissipels (v.7).

Moederskap is ‘n groot leerskool en voorreg waarvoor ons die Here moet dank. En dit wat ons leer kan ons ander weer mee bemoedig - 2 Kor. 1:3-4 “…sodat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk het.”

Ontdek God se ontwerp in alles, “*God was there first*” (Arthur Burke).

Moederskap is ‘n roeping

- Sarah Coleman - “*A pregnant woman does not carry just another baby; she carries one appointed by the Lord for greatness*”
- Volgens Psalm 78 vertel ons hulle wie God is, rig hulle in waarheid (Spr. 22:6) en lei hul tot eie geloof in Christus (Ps. 78:7 in die Engels: “So each generation should set its hope **anew** on God”)

Wat verhoed/beperk die roeping?

- Heiligmakingspad - Laat die Here toe om jou beeld, ervaringe en oortuigings oor moederskap te herkalibreer (Romeine 12:2)
- Bestudeer die Woord
- Verwerk jou trauma - Kry hulp indien nodig (Galasiërs 5:1)
  - Hurting people, hurt people
  - VERGEWE
  - Daar is hoop en genesing - Spr. 31:25 “She is clothed with strength and dignity”
- Ontdek jou identiteit in Hom en leef vanuit daardie standvastigheid.

Ondersteun moeders in ons gemeente en gemeenskap; en

Spreek seën oor kinders – gebruik elke geleentheid.

Elke invloedryke man of vrou in die Bybel moes ‘n goddelike moeder gehad het – gebede het krag (Jakobus 5:16).

Die hartklop van moederskap is “The benediction of being” (John Eldredge in sy boek Resilient)

- Wie jy is, is goed genoeg en wonderlik - dit is ook juis die Goeie Nuus van ons stand in Christus, genade onbeskryflik groot.
- Dr Gabor Maté is ‘n mediese dokter praat gereeld oor kinders se fundamentele behoefte is om te rus in hul verhouding met hul ouers. Dit beteken dat ‘n kind nooit hoef te werk of te streef om aanvaar of geliefd te voel nie.
- In Vader se oë is ons volkome geregverdig deur Christus, onvoorwaardelike liefde, onbeperkte genade.
- Jesaja 40:11 “Soos ‘n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.”

Psalm 115:12-15 (NLV)

“Die Here dink aan ons, en seën ons, …Hy seën hulle wat die Here dien, sowel klein as groot. Mag die Here julle vermeerder, julle en julle kinders. Mag die Here julle seën, Hy wat hemel en aarde gemaak het.”